

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3

Februarie 1996

Vol. 13

AFRIKANISERING — 'n kultuurkrisis

Die proses van Afrikanisering is tans sterk aan die gang. Dit is 'n magtige stroom wat spoel en wat verskillend begroet word. Afrikanisering is waar enige element van Europa afgewys word en na 'n eie inheemse Afrika-manier van doen gesoek word. Dit sluit "regstelling" oor grond en werk en kuns en taal, alles, in. Al die kultuurhandelinge van die mens is hierby betrek. Baie mense is gekant teen wat hulle sien as die verlies van 'n eie identiteit, wat hierdie nuwe proses meebring. Daar word tans 'n vreemdheid beleef in wat eers 'n bekende omgewing was — mens kan maar net dink hoe dikwels die huidige musiek op televisie meermale vreemd op die oor val.

Doemprofete en heldhaftiges

Kan 'n mens van 'n kultuurkrisis praat? Sommige doemprofete is in sak en as oor die Afrikanisering wat poog om 'n breë unieke Suid-Afrikaanse kultuur daar te stel. Ander heldhaftiges herhaal die cliché dat ons voor 'n unieke uitdaging staan. Hoe moet ons as gereformeerdes hierdie nuwe Afrikaniseringsproses beoordeel? Daar is verskeie moontlikhede.

Ope arms

Daar is mense wat positief hierteenoor staan en sê dat dit hoog tyd was om van kolonialisme en rassisme ontslae te geraak het, en hoe gouer daar 'n nuwe identiteit gevorm word hoe beter. Hierdie voorstanders wil dan hierdie identiteit skoei op die lees van individuele vryheid. Die Afrikanisering word met ope arms verwelkom omdat daar beweer word dat die mense nog nooit so vry was as juis nou nie. Die nuwe Suid-Afrikaanse kultuur, met al sy nuwe simbole en gebruike, word as bevrydend ervaar. In hierdie nuwe samesnoeringspoging speel sport ook 'n baie groot rol.

Te veel, te vinnig

Ander mense, wat miskien deur openlike of sluimerende nasionalisme beïnvloed word, beleef die Afrikanisering meer negatief. Die nuwe word al hoe meer as bedreiging gesien vir die ou bestaande manier van doen.

Sommige mense, wat selfs erken dat die proses onafwendbaar is, is ontstem oor die tempo daarvan. Daar word ook gemeen dat daar te veel, te vinnig afgestaan word. Die nuwe taalstryd is hiervan 'n goeie voorbeeld. Daar kom ook meer en meer klagtes voor oor grondverlies, werkskaarste en werkroof.

Beide groepe lê hulle eie klem, die een meer individueel, die ander meer nasionaal. Is die huidige proses 'n krisis of 'n uitdaging? Moet ons ontstig wees daaroor of daaraan meedoen, al is dit tot 'n mate vreemd?

Kultuur gemeet

Skrifgetroue gelowiges moet hulleself deeglik verantwoord oor die huidige kultuurbeleving. Professor Klaas Schilder het in sy boek "Christus en kultuur" (1953) 'n derde moontlikheid wat hy op die tafel plaas oor hoe 'n kultuur beoordeel moet word. Schilder maak 'n saak uit dat 'n stand van enige kultuur gemeet moet word aan die wet van God. Daaruit kan gesien word of Christus, die gesalfde Messias, in so 'n kultuur as Here en Verlosser erken word. Kultuur is alles wat die mens doen en dit staan in sy geheel in verband met Christus se Hoofskap oor alles.

In hierdie uitgawe:

- ★ AFRIKANISERING - 'n kultuurkrisis
A.L.A. Buys 1
- ★ Skrifoordeening:
OORSKIETGODSDIENS
Ds. J.H. Grobler 3
- ★ SELFVERLOëNING
Prof. G.J.C. Jordaan 4
- ★ MENSEREGTE NIE-CHRISTELIK
Prof. J.M. Potgieter 5
- ★ DIE WIT TEOLOGIE (Deel 2)
Ds. G.J. Kruger 7
- ★ POTCHEFSTROOMSE GEREFORMEERDE
AKADEMIE
A. Juyn 10

Rysmier

Wat ons tans beleef is 'n kultuurkrisis. Nie omdat die "eie volksgoedere" soseer bedreig word nie, maar omdat daar doelbewus van God se gebod wegbeweeg word. Hierdie krisis het al begin nog voor die Afrikanisering gekom het. Die Afrikanisering wys maar net die innerlike verrotting van die kultuur uit, wat reeds lank daar is. Die samelewing is besig om te verkrummel, nie vanweë die Afrikaniseringsproses nie, maar , omdat gelowiges nie meer die inherente krag het om staande te wil bly nie. Oor dekades heen het die uitholling en rysmiering van die samelewing plaasgevind, selfs met meewerking van sekere gereformeerdes. As bewys dien die volgende:

★ In hoeveel gereformeerde kerke word lankal 'n liberale Skrifgesag stilletjies geduld. Die Skrifgesag word nie altyd openlik aangetas nie. Soms word dit gedoen deur verskillende teenstrydige interpretings van die Skrif as gelykwaardig te sien. Hoe dikwels hoor mens nie die argument: "Dit is maar net jou siening op die saak" nie. Hoeveel gemeentes is ernstig verdeel, omdat daar nie meer erns gemaak word met die eenheidsbeleving van leer, diens en tug nie?

★ Hoe dikwels word daar 'n teenstrydigheid geduld tussen party-beleid en Skrif-belydenis. Word daar op staatkundige gebied erns gemaak met Christus as Koning oor alles?

★ Die eerste en tweede gebod (dat daar geen God naas die Here is nie) word vanweë menseregte in die huidige kultuur geminag. Elkeen het nou reg op 'n afgod. Hierdie verwarring en verkrummeling van die samelewing is ook sigbaar selfs op die PUK waar 'n Islamiet op die universiteitsraad geduld word.

★ Die heiliging van die Naam van God wat die derde gebod eis, word ook deur ons kultuur nie hoog geag nie. In baie films en selfs televisie-uitsendings word God al so in die verbygaan gelaster - sonder 'n stem van protes deur gelowiges.

★ Die rusdag is verander in ritsdag, 'n nasionale sportdag. Geen onderskeid word meer deur winkeliers getref tussen Sondag en ander dae nie - en hierdie vergryping aan die Sabbat word grondwetlik beskerm.

★ God eis dat ses dae gewerk moet word. Met al die stakings en die geregtig-wees kultuur van die werkers is die mense nie meer besig om die aarde te bewerk nie, maar is hulle besig om die werk en werkgewer te gebruik vir selfverryking. Hoeveel gelowiges doen in hulle werk "net waarvoor ons betaal word", omdat dié manier van doen afgekyk is by militante vakbonde.

★ Die eerbied wat God eis vir owerheidspersone vervaag: selfs in ons skole word toegelaat dat onderwysers nie die nodige respek ontvang nie - lyfstraf, wat in God se Woord as 'n tugmiddel geag word, is as

onmenslik verbied.

★ Die lewe van mense is bykans niks werd nie. Moord, roof en motorkapings bly styg - en ten spyte daarvan word die doodstraf, soos deur God beveel, nie op moordenaars toegepas nie. Aborsie is op die punt om in sekere staats hospitale op aanvraag toegepas te word.

★ Die vigs-epidemie het 'n mate van sobering in die seksuele losbandigheid gebring, maar desnieteenstaande word die huwelik al hoe meer as 'n gewoonte afgemaak. Selfs homoseksualisme en lesbinisme word as aanvaarbare alternatiewe leefwyses gesien. Suid-Afrika is die enigste land ter wêreld wat hierdie gruwels in God se oë grondwetlik beskerm.

★ Die agste gebod verbied diefstal; tog styg korrupsie. En nie net die geharde misdadigers is daaraan skuldig nie, ook gelowiges gee en neem omkoopgeskenke ten einde sake gedoen te kry.

★ Een van die grootste oortredings van die negende gebod is selfbedrog, en in hierdie kultuurkrisis vier selfbedrog hoogty. Terwyl daar ekonomies gewerskaf word, word die nood en sonde nie eerlik voor God bely en erken nie. 'n Kultuur wat homself so bedrieg, loop op vernietiging uit.

Saamspan teen die Gesalfde

Kan ons eerlik sê dat ons nie kollektief begeer om teen God te oortree nie? As al die bogenoemde in ag geneem word, kan God ons nie al beskuldig dat ons kultureel saamspan teen Hom en sy Gesalfde nie? Afrikanisering is nie 'n uitdaging, wat iets onbekends maar goed gaan voortbring nie. Afrikanisering is ten diepste ook nie 'n bedreiging net omdat die eie volksgoedere bedreig word nie. Afrikanisering is die gevolg daarvan dat die rug op God gekeer is - en dit kollektief.

Selfondersoek

Nou is die vraag: hoe benader ons hierdie kultuurkrisis? Die eerste stap daartoe is om enige Godonterende elemente in die samelewing uit te wys. Selfondersoek, nie net na die breë gemeenskap se doen en late nie, maar ook indringende selfondersoek oor die volks-, huis- en kerksondes is dringend noodsaaklik. Christus se eer in alles moet gehandhaaf word - nie die eie selfsug van die individu nie, en ook nie die kollektiewe grootheidswaan van 'n volk met Europese wortels nie. Volke bestaan vir Christus. 'n Kultuur wat dit besef, het geen bestaanskrisis nie.

Opsweep of buig?

Uiteindelik (soos in Openbaring duidelik blyk) is die satan besig om alle volkere teen God

op te sweep. Dit is die Skrifgetroue gelowige se taak om hierdie verleiding voortdurend uit te wys, ook op die kultuurterrein, en om nie daaraan mee te doen nie. Die waarheid van Christus se heerskappy oor al wat kultuur is, moet onbevrees verkondig word aan almal wat deur die Afrikaniseringskrisis verwar word. Om te buig onder Christus as die Gesalfde — dit sal ons uit hierdie kultuurkrisis lei.

A.L.A. Buys

★★★★★

OORSKIETGODSDIENS

Ds. J.H. Grobler

Skrifoordenking: Jes 44:6,17. *"So sê die Here, die Koning van Israel en sy Losser, die Here van die leërskaar: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie ... En van wat oor is maak hy 'n god, sy gesnede beeld; hy kniel daarvoor neer en buig hom en aanbid dit en sê: Red my, want u is my god!"*

God en godsdiens is op almal se lippe. Veral noudat die grondwet en die uitsaaiwese gelyke status aan alle godsdienste gegee het. Die radiostasie Afrikaans Stereo het al selfs Moslem-godsdiensprogramme begin uitsaai. Wanneer beskerming van ander godsdienste op die wetboek geplaas word en gelyk gestel word met die God van die Skrif, ontstaan die vraag: is daar nie dalk nog ander gode nie?

God openbaar in Jesaja 44 dat daar net een God is: die God van die Skrif, die Vader van Jesus Christus. Hy is die eerste: Hy bestaan van ewigheid af voor die skepping van hemel en aarde. Hy is daar nog voor die geskiedenis van die mensdom begin het. Hy het alles geskape en onderhou en regeer dit nog asof met sy eie hand. Buiten Hom is daar geen God nie.

Verdraagsaam met vreemde gode?

Dit sê God aan 'n volk wat in ballingskap verkeer in die vreemde. Hulle kry swaar en soek na 'n ligpunt in die geskiedenis. Daar in die vreemde verkeer hulle onder 'n nasie wat God nie vrees nie en afgode aanbid. En nou sê die Here nie vir sy volk: wees verdraagsaam teenoor die vreemde gode nie, akkomodeer hulle want julle verkeer in ballingskap. Hy sê: buiten my is daar geen gode nie, alle ander gode is afgode. Ook die ander gode wat deur wetgewing beskerm word en deur die uitsaaiwese gepropageer word, is afgode. Alle ander verlossers en gode is versinsels van die mens se feilbare en verdorwe verstand. Hierdie gode kan geen voordeel bring nie. Hierdie gode kan nie

vernuwing en oplossing in Suid-Afrika bring nie.

Spot

Jesaja spot met die vervaardigers en aanhangers van die afgode van sy tyd. Sou Jesaja nie dalk vandag gedagvaar word vir skending van menseregte as die wêreld hierdie spotlied sou hoor nie? Sou hy nie dalk voor die konstitusionele hof moes verskyn as hy so spot met hierdie mense en hulle afgode nie? Ons kan vandag uitroep: laat Allah en Mohammed kom, laat Boedha kom, laat al die ghoeroes van die ooste kom, laat die gode van Afrikagodsdiens kom, laat hulle voor die Here vergader as hulle bestaan. Laat dié wat hulle geskep het en hulle aanhang, ook kom - hulle sal almal verskrik word en teleurgesteld staan voor die lewende God.

Godemakers

Jesaja redeneer eenvoudig en logies: wie skep en vervaardig hierdie gode? Dit is mense, mense wat brood en water nodig het anders word hulle moeg en het geen krag nie. Hoe sou hierdie god wat hulle gemaak het, hulle kan red, water en brood gee, as die makers van die god dan moeg word? Die mens dink vir hom 'n god uit na die beeld van die mens, teken met 'n potlood, en pasop tog dat jy die god nie te lank maak nie anders pas hy nie in die huis in nie! Die ander een gaan soek vir hom 'n boom uit. Maar waar kom die boom vandaan? God het dit geskape, en God gee die reën wat die boom laat groei. Hoe kan die God wat dit alles doen dan 'n boom wees?

Dwaasheid

So kom die absurde aan die lig, so blyk dit hoe verdwaas en verduister die mens in sy verstand is - die skepsel word vereer in plaas van die Skepper wat alles gemaak het. Hy wat hom besig hou met afgode hou hom besig met bedrog, met as, met nietigheid. Hyself is nietigheid, hy is niks. Maar die mens dink nie so nie. Hy werk hard aan sy afgode. Hy dink nie hy is absurd nie, hy besef nie hy is besig met as nie, want sy oë is toegesmeer deur sy dwaasheid. Die mens dink hy is belangrik, vernuftig en vaardig. Hy vervaardig vir homself afgode. By dit alles werk hy hard daaraan.

Ook maar 'n plek

Die absurditeit bereik 'n hoogtepunt. Die afgod neem die plek in in die lewe van die mens wat hom gemaak het en hom aanbid. Die afgod kry ook sy plek - naas al die ander behoeftes van die mens. In Jes 44:15 staan: "Hy neem daarvan en maak hom warm, ook

steek hy dit aan die brand en bak brood; ook maak hy daar 'n god van en buig hom daarvoor neer ..." Soos wat 'n mens behoefte het aan kos en warmte so het jy soms ook 'n god nodig. By al jou ander behoeftes het jy soms ook behoefte aan 'n god! Maar dit is nie al nie. As jou god dan so 'n plekkie kry tussen al jou ander behoeftes, dan kom hy uiteindelik laaste in die ry.

En van wat oor is ...

Jesaja sê: "Die helfte daarvan het hy in die vuur verbrand: by een helfte eet hy vleis, hy maak braaivleis klaar en word versadig; ook maak hy hom warm en sê: Ha, ek het warm geword, ek het vuur gesien, en van wat oor is maak hy 'n god, sy gesnede beeld". Uiteindelik, na al die ander behoeftes het jy soms ook 'n behoefte aan God.

Om God in te pas

So ervaar baie, baie mense vandag God op die rand van hulle lewe. Mense worstel met die probleem om God êrens in hulle lewe in te pas. Vir baie lyk dit na 'n verlore stryd. Met verloop van tyd word God al verder weg geskuif uit hulle lewens uit. Simptome hiervan is die volgende:

- Ons sal huisgodsdien hou as die televisieprogramme dit toelaat;
- As ons nie ander dinge het om Sondag te doen nie, sal ons dalk kerk toe gaan;
- vir baie bestaan die tweede eredienste nie meer nie;
- Bybellees en bid word vaag en betekenisloos in my daaglikse roetine.

Is ek nie dalk besig om hard te werk aan 'n afgod in my lewe nie, want as daar dan nie 'n afgod is nie, waarom word die Woord so min gelees en waarom is dit so arm aan gebede? Wie aanbid jy dan?

Is hulle wat God wil dien net wanneer hulle so voel dan, nie besig met 'n afgod, 'n soort behoeftegod nie? Soos hulle soms lus voel vir 'n bietjie sport en vleisbraai, so het hulle soms ook 'n gevoel vir hulle god! Die Here praat ook vandag met 'n Christendom wat worstel om God êrens in te pas, 'n Christendom wat leef onder die aanslae van die tydsgees in moeilike tye waar die gode en verlossers oral te sien is. Die profeet Jesaja verkondig vandag vir ons: as God net op die rand van jou lewe is, dan dien jy nie die lewende God van die Bybel nie, maar 'n selfgemaakte god wat jy gemeet en gepas het om by jou aan te pas en by jou behoeftes in te val.

Waarskuwing

Hier kom 'n ernstige waarskuwing aan Sondagchristene, aan mense wat God uitskuif

op die rand van hul lewe om God eers maar later te soek wanneer al hulle ideale bereik is, aan mense wat God net in die tye van nood ken, aan mense wat aan God die oorskiet gee van hulle geld, hulle kragte en hulle tyd. Kan ons dan nog sê: ons dien nie afgode nie? Maak jy nie dalk ook 'n god uit dit wat oor is van jou lewe, jou tyd en jou kragte nie? Dit het in ons land gebeur dat kerkmense God so uitgeskuif het na die rand van die lewe totdat hulle besluit het: ons het so 'n god nie nodig nie. Wie God so probeer dien, is besig met oorskietgodsdienste en dien 'n afgod en nie die ware God van die Skrif nie.

Is dit dan enigsins vreemd dat die ware God vandag vir baie dood verklaar is, dat die vreemde gode oor ons heenspoel en baie nie meer weet om antwoorde op die kritiese lewensvrae te kry nie? 'n Mens kan God nie probeer indwing in 'n plekkie in jou lewe nie. Die kind van God behoort aan God. Jesus Christus het ons losgekoop met sy kosbare bloed. Daarmee het God nie oorskietliefde aan ons gegee nie, ook nie 'n oorskietplek nie. Hy het sy eniggebore Seun gegee in ons plek.

As ons 'n oorskietgod dien, dan is ons harte droog, dan bedrieg ons onself, dan hou ons ons met as besig, is ons die nietigheid self en sal ons teleurgesteld staan, nou en hierna. Maar as ons die lewende God dien sal die vernuwung van die Heilige Gees in ons lewens kom, strome lewende water oor ons dorstige en barre lewens. Ons sal ons vrede daarin vind as Hy sê: Ek is jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: wees nie bevrees nie Jakob, my kneg.

★★★★★

SELFVERLOËNING — nie verloëning van Christus nie

Prof. G.J.C. Jordaan

(Artikel uit Die Kerkbode, 17 November 1995)

Die kerk moet altyd bereid wees tot selfverloëning. Hierdie opdrag staan op baie plekke en op baie maniere in die Bybel opgeteken. Selfverloëning is daarom 'n spesifieke kenmerk van die Christendom. Weliswaar is Christene, soos in alle ander fasette van hulle lewe, ook in hulle selfverloëning nie volmaak nie. Nogtans kan daar altyd op die Christen die roeping tot selfverloëning gemaak word.

Toegee aan alles?

By so 'n appèl moet dit egter duidelik wees wat die Christelike selfverloëning werklik behels. Ongelukkig blyk dit dat daar groot

onduidelikheid hieroor bestaan. Die nie-christelike wêreld verstaan die Christen se selfverloëning dikwels as 'n bereidwilligheid om aan alles toe te gee. Daarom word dit as "Christelik" bestempel om "ter wille van versoening" alle politieke, maatskaplike en ekonomiese eise van die wêreld te aanvaar. Inderwaarheid moet die Christen so selfverloënd wees dat hy sy eie standpunt en oortuigings sal prysgee. Op dié manier word die Christelike godsdiens inderdaad 'n "opium vir die volk" waardeur, almal voortdurend in 'n staat van willose onderdanigheid gehou word.

'n Groter ellende ontstaan wanneer die wêreld se beskouing van Christelike selfverloëning ook aan Christene begin afsmeer. Christene wat dit as hulle roeping beskou om hulle eie oortuigings prys te gee, verval baie gou in 'n ruggraatloosheid - iets wat allermens by 'n Christen pas.

Gelyke staanplek

'n Mens hoor werklikwaar van Christene wat verkondig dat ons in hierdie veelgodsdiensige land 'n toonbeeld van selfverloëning moet wees deur die uniekheid van die Christelike godsdiens prys te gee. Christene moet nie meer daarop aanspraak maak dat ons net die ware God aanbid nie, of dat 'n mens net deur Jesus Christus die saligheid kan verkry nie. Ons moet buigsaam genoeg wees om aan die ander godsdiens 'n gelyke staanplek langs die Christendom in te ruim. Dan betoon ons ware Christelike selfverloëning. So word naastenby geredeneer.

Minste weerstand

Mense wat so redeneer, het 'n totale wanbegrip van wat ons roeping tot selfverloëning behels. Ware selfverloëning beteken nie dat ons moet doen wat die wêreld van ons verwag nie, maar dat ons ons eie neigings en begeertes - ook dié van die wêreld - sal prysgee ten gunste van wat God van ons verlang. Gewoonlik staan dit wat die wêreld verwag, lynreg teenoor dit wat God van ons verwag. Om te doen wat die wêreld eis, is die weg van die minste weerstand. Om te doen wat God eis, dit is ware selfverloëning. Om Christus te bely, selfs al eis die wêreld dat ons Hom sal verloën, dit is ware selfverloëning.

Selfhandhawing

In die geskiedenis van Luther en Calvyn het ons 'n pragtige voorbeeld van ware Christelike selfverloëning. Die wêreldmagte van daardie tyd het druk op hulle geplaas om die waarheid van die Bybel opsy te skuif, om Jesus Christus as enigste Verlosser en

Middelaar te verloën. Om aan die druk toe te gee, sou selfhandhawing beteken. Deur die genade van God was hulle egter bereid om die pad van selfverloëning te loop: hulle het Christus bely, selfs al het dit tot hulle eie verguising en vervolging gelei.

Wil van God

Selfverloëning is vir die Christen dus nie maar om te doen wat die wêreld vra nie. Dit is selfhandhawing. Ons Christelike selfverloëning vra dat ons sal doen wat God vra, selfs al druis dit teen ons eie wil of teen dié van die wêreld in.

★★★★★

GEDAGTES OOR DIE NIE-CHRISTELIKE AARD VAN MENSEREGTE

Prof. J.M. Potgieter, Unisa.

Waarheid en Dwaling plaas sy intreerede wat verskyn het in *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, (verkort) Augustus 1989.

Meer as net 'n stel regsreëls

Menseregte het internasionaal die norm geword vir geregtigheid, die maatstaf vir 'n regverdige staatsbestel en tot 'n groot mate selfs dié standaard vir Christelikheid. Dit is by die beoordeling van die beweerde Christelike aard van menseregte noodsaaklik om daarop te let dat menseregte vir die menseregte-beweging meer geword het as 'n ideologie, en 'n handves van menseregte veel meer as net 'n stel regreëls wat moet bydra om die samelewing vreedsaam te orden.

Geloofsaak

Menseregte het naamlik 'n saak van geloof geword: geloof in 'n beweerde hoë waardigheid van die mens, geloof dat hierdie gewaande hoë posisie van die mens bo alles beskerm moet word, geloof by baie dat elke mens die beeld van God is en dat God self menseregte erken wil sien, geloof in 'n akte van menseregte as redmiddel vir wêreldprobleme, geloof dat 'n akte van menseregte sal sorg vir 'n regverdiger staatsbestel, en geloof dat die verwesenliking van menseregte sal sorg vir vryheid, veiligheid, vrede, voorspoed en geregtigheid. So verklaar professor Danie du Toit, 'n teoloog, dat menseregte 'n "universele... geloofsbelydenis" geword het.

Stempel van Christelikheid

Die ideologie van menseregte het dus in werklikheid in 'n *godsdienst* (selfs in 'n nuwe vorm van die "christelike" evangelie) ontaard. Hierdie filosofie of godsdienst draai om die beweerde hoë waardigheid wat elke mens sou hê en waarvolgens sy regte, aansprake, begeertes en idees buitensporig verhef word terwyl sy verpligtinge vervaag; dit is 'n filosofie wat vele voordele beloof, weinig opoffering vra en daarby so kragtig sou wees dat daarop gesteun kan word om selfs die ondergang van die wêreld te voorkom. Geen wonder dat die gewildheid van die menseregte-ideologie so vinnig toegeneem het nie. Hiertoe het die "christelike" kerke baie bygedra. Vir baie wat nog kon twyfel of hulle aan menseregte moet glo, word die knoop naamlik deurgehak omdat kerke en kerkleiers die stempel van "Christelikheid" goedkeurend op dié ideologie plaas.

Sterkste kampvegter

Die Suid-Afrikaanse regskommissie bevind dan ook dat al die groot kerke in Suid-Afrika menseregtebeskerming steun en dat die kerk tans miskien die sterkste kampvegter vir menseregte is. Daarom verbaas dit nie dat die menseregte-ideologie vandag as Christelik voorgedra word en dat kritiek teen die menseregte-ideologie met al hoe meer afkeer bejeën word nie. Trouens, die regskommissie gaan selfs so ver as om te impliseer dat diegene wat menseregte as nie-Christelik beskou, nie ware Christene is nie. Die kommissie verklaar naamlik: "Ons meen werklikwaar dat diegene wat menseregte as onchristelik en onbybels beskou, totaal uit pas is met die ware Christendom".

Geheel nuwe samelewing

Die voorafgaande uiteensetting toon hoe ver daar al wegbeweeg is van menseregte as bloot 'n stel regsreëls wat die samelewing vreedsaam moet orden. Daarom veronderstel die instel van 'n menseregte-akte ook die aanvaarding van 'n geheel nuwe politieke, ekonomiese, juridiese, kulturele en godsdienstige bedeling wat met 'n handves van menseregte versoen kan word. So maak die regskommissie dit duidelik dat die instel van 'n menseregte-akte voorafgegaan moet word deur onder meer die afskaffing van bestaande wetgewing wat met so 'n akte bots. Daarbenewens meen die voorstanders van so 'n akte dat die gemeenskap eers deur 'n opvoedkundige proses ontvanklik gemaak moet word vir die filosofie onderliggend aan menseregte.

Dekmantel

In werklikheid dien die stryd om menseregte dus as dekmantel vir ingrypende staatkundige,

politieke, maatskaplike, ekonomiese en godsdienstige verandering. Dat dit hier in wese eerder om die invoering van 'n nuwe ideologie as bloot van 'n nuwe stel regsreëls gaan, blyk uit die feit dat die meeste regsreëls wat gewoonlik in 'n menseregte-akte vervat word, reeds deur die gemene reg beskerm word. Dit is dus nie soseer die regsreëls in 'n menseregte-akte wat nuut is nie, maar die ideologie onderliggend daaraan. Gevolglik kan die regsreëls wat in 'n menseregte-akte vervat word, nie meer in isolasie, dit wil sê sonder inagneming van die ideologiese onderbou van die menseregte-beweging, beoordeel word nie.

Sogenaamd Christelik

Dit is die regsgeleerde wat, via politieke gesag, regstegniese advies moet gee en die nodige regsreëls moet formuleer om 'n handves van menseregte te implementeer. Aangesien regsreëls net sinvol geformuleer en toegepas kan word as dit op korrekte feite gebaseer is, is dit noodsaaklik dat die regsgeleerde onder meer die geldigheid van die beweerde Christelike begronding van menseregte ondersoek. Sogenaamd Christelike argumente word naamlik as belangrike redes vir die instel van 'n menseregte-akte beskou.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regskommissie sterk op die godsdienstige begronding van menseregte steun, volstaan hy met 'n uiteensetting van sodanige begronding sonder om dit self enigsins met verwysing na die Bybel te ondersoek en aanvaar klaarblyklik dat die menseregte-leer Christelik is bloot op grond van die feit dat die meerderheid kerke en teoloë die mening toegedaan is. Hierdie werkswyse moet as onjuridies afgekeur word. Die regskommissie moes naamlik rekening gehou het met die moontlikheid dat kerke en kerkleiers verkeerd kan wees deur die geldigheid van die beweerde Christelike motivering vir menseregte self deeglik te toets. 'n Sprekende voorbeeld van 'n kerk se betwyfelbare inmenging op die politieke terrein word immers deur onder meer die NG Kerk se betrokkenheid by die apartheidsbeleid gebied. Ten spyte van die regskommissie se bedenkinge oor hierdie saak, bestaan daar vandag selfs binne die NG Kerk min twyfel dat die kerk waarskynlik 'n belangrike rol in die aanvaarding en implementering van die apartheidsbeleid in Suid-Afrika gespeel het. Nou het hierdie politieke beleid (wat aanvanklik as Christelik beskryf is en so 'n groot invloed op die politiek en die reg gehad het) egter in onguns geraak en vandag verklaar dieselfde kerk wat apartheid eens so sterk gesteun het, dat hy 'n fout gemaak het: dat rasse-apartheid as staatkundige model nie Christelik is nie.

Oordeelsfoute

Dit blyk dus dat kerke ernstige oordeelsfoute kan begaan en wat hulle vandag as Christelik voorhou, hulle môre as onchristelik verwerp. Daarbenewens is die beweerde Christelike aard van kerke en kerkleiers se uitsprake onder verdenking in die lig van die nie-christelike lewenswyse van 'n groot deel van hulle lidmate: daar bestaan naamlik weinig rede om te glo dat kerkleiers op die terrein van die politiek en regshervorming 'n sinvolle bydrae kan maak terwyl hulle op kerklike gebied - gemeet aan die geestelike en sedelike verval by soveel kerklidmate - grootliks misluk het. Hieruit volg vanselfsprekend dat 'n juris (en gevolglik ook die regskommissie) nie die kerk blindelings op sy woord behoort te neem nie maar onafhanklik moet vasstel of wat die kerk as "Christelik" voorhou, wel volgens die Bybel Christelik is of nie. Teen hierdie agtergrond sal die beweerde Christelike aard van mensregte nou ondersoek word.

Volgende maand skryf prof. J.M. Potgieter oor die rol van die kerk in die menseregte-beweging.

★ ★ ★ ★ ★

DIE WIT TEOLOGIE (Deel 3)

Ds. G.J. Kruger

Mensbeskouing
Israel is die blankes.

Israel blank geskape

Die Wit Teologie voer aan dat die mens as 'n blanke geskape is. Net soos Adam, was Set, Noag, Abraham, Isak en Jakob blankes, en daarom is ook die nageslag van Abraham, die Israëliete blankes. Die verskeidenheid van nasies, stamme, volke en tale waarvan die Bybel praat (o.a. Open. 7:9) word deur die Wit Teologie verklaar as die menigte blanke nasies wat uit Abraham sou voortspruit. Uit die mond van die Wit Teologie self: "Al die Skrifte...praat nêrens van "al die rasse nie". Hierdie menigte van nasies spruit almal voort uit God se belofte aan Abraham en later Efraim (Gen. 48:19), hoofstam van die Tienstammeryk - hulle het 'n groot menigte geword - baie stamme, tale, volke en nasies MAAR ALMAL VAN BLANKE SEMITIESE AFKOMS VIA ABRAHAM, ISAK EN JAKOB. Hulle is 'n uitverkore ras (1 Pet. 2:9,10)" (Anon, onderstreping en beklemtoning deur die skryuer).

Swart "bewys ook onomwonde" dat Israel blank was. Hy sê dat die bewys dat Israel

blank was, opgesluit en verskuil lê (dit is 'n verborge geheimenis soos Swart dit stel) in verse soos Esegel 36:32: "Skaam julle en bloos oor julle weë o huis van Israel".

Die "bewys" en argumentering loop dan soos volg: "Israel was en is dus 'n volk wat bleek kan word en kan bloos, met 'n blanke vel en bloesende rooi wange en lippe. Hierdie eienskappe is eie aan die Blanke Westerse nasies en as 'n mens die Israel van die Bybel vandag wil gaan soek, is jy beperk tot die Duitsers, Hollanders, Franse, Engelse en die ander Blanke volke van Wes-Europa en die lande wat deur hierdie volke gekolonialiseer is soos Suid-Afrika, Australië, die VSA, Kanada, Nieu-Seeland, ens."

Swart gaan dan verder en maak die gevolgtrekking: "Israel van die Bybel was Blankes net soos u en ek terwyl die kinders van die Bose, die krom en verdraaide geslag, anderskleuriges was".

Die swartes is diere.

Die Wit Teologie voer aan dat die swartes diere is en dat die Bybel daarvan getuig. Von Moltke sê in die verband dat daar in Genesis 1:24 van drie soorte diere gepraat word naamlik vee, kruipende diere en wilde diere. Die "wilde diere van die aarde", die derde groep in Genesis 1:24 is dan verskillend van die vorige diere anders sou hulle nie apart genoem word nie. Dan maak Von Moltke die volgende gevolgtrekking: "Die Hebreuse woord is "chay" en beteken "a living thing that lives". Die woord - aarde - kom van die Hebreuse woord "erets" en beteken die hele fisiese wêreld. Die "chay erets" is dus die lewende wesens van die aarde, en let wel, hulle is geskape "volgens hulle soorte". Dit verklaar die groot verskeidenheid van nie-wit of gekleurde rasse... Dit verklaar ook hoe die Rooihuide in Amerika gekom het, die Inkas in Suid-Amerika en die Maoris in New Zeeland. As hulle almal van Adam, via die toring van Babel gekom het moes hulle met skepe daarheen gegaan het baie eeue voordat Columbus en Da Gama hulle ding gedoen het".

Hoe meer 'n mens die Wit Teologie se geskrifte lees, hoe groter word die teenstrydighede. Eers is daar gesê dat Satan die swartes geskape het (L.W. Aan Satan, 'n gevalle engel, 'n skepsel van God, word skeppingsmag gegee!). Nou word weer gesê dat God die swartes geskape het en wel as diere! Hulle is beslis nie mense nie, want sê Von Moltke, na sy, koddige gevolgtrekkings uit Gen. 1:24: "Kom ons lees nou Gen. 1:26. Hier word mense geskape. Adam beteken 'n wit mens - of rooierig - of om te kan bloos - of om bloed in die gesig te kan wys, en daarvoor moes sy vel wit gewees het". Hoe dit ookal sy, hier kom die kern van die Wit Teologie se

standpunt na vore: die blankes is vandag se Israel en die swartes is diere. Die belangrikste gevolg van hierdie standpunt is nou dat die Wit Teologie alles wat in die Bybel oor Israel gesê word, letterlik op die blankes toepas.

Vir die Wit Teologie is dit ook 'n uitgemaakte saak dat dat Israel tot die blanke ras behoort. Eksteen stel dit kort en saaklik: "Die Israeliete is witmense".

Tipes argumente as "bewys" dat Israel blank is

Die Wit Teologie gebruik hoofsaaklik drie tipes argumente om aan te toon dat Israel blank moet wees. Om hierdie argumente te kan verstaan, is dit belangrik om eers die aandag daarop te vestig dat die Wit Teologie se redenasies in die reël 'n spesifieke patroon - 'n kringloop - vertoon. Die redenasies begin eintlik in die onderbewussyn by die bekende eienskappe van die blanke Westerling. Die vertrekpunt is met ander woorde wesenlik die eie bekende wêreld van die Wit Teologie. Hierdie bekende sake word dan oorweeg as die moontlike sake waarna die Bybel verwys. Omdat hierdie verbintenis "logies" lyk, word nou sonder meer aanvaar dat die Bybel nooit iets anders bedoel het nie as net hierdie bekende sake uit die hede. Die volgende stap is om te verklaar dat die Bybel self so sê. Hierdie "Bybelse" uitsprake word dan letterlik op alles in die hede toegepas. Daarmee is die kringloop voltooi.

So aanvaar die Wit Teologie dat daar tussen die blankes en Israel punte van ooreenstemming is. Die volgende stap is dat hulle so oortuig is van hulle afleiding, dat hulle nou sê: die Bybel self sê dat die blankes Israel is. Op grond daarvan word dan verskillende Bybelgedeeltes letterlik op die hedendaagse blanke Westerling oorgedra, asof die Bybel net van hulle en van niemand anders gepraat het nie. In meer besonderhede loop die Wit Teologie se argumente soos volg: 1. Die eerste soort argument is die van **letterlike identifisering**. Die blanke Westerse nasies sou dieselfde dinge doen as wat Israel doen. In Jesaja 43:21 sê die Here: "Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal My lof verkondig". Nou sê die Wit Teologie die volgende: "Die blanke Westerse Protestantse nasies, alhoewel in 'n teruggevalle toestand, verkondig tog die Lof van die Ewige Waaragtige God en van Sy Seun Jesus die Christus. Hulle druk en versprei die Bybel, stuur sendelinge uit, druk Christelike lektuur, erken die Godheid as Opperste Gesag, en so meer... Die gevolgtrekking is duidelik die **BLANKE WESTERSE NASIES** verteenwoordig die **TIEN STAMME VAN ISRAEL** (Beklemtoning Neser)". Die Wit Teologie verswyg gerieflikheidshalwe die groot aantal kinders van God in China, Japan, Afrika en

noem maar op, wat Sy lof verkondig.

2. Die tweede stel argumente ken **fisiese eienskappe** toe aan ou Israel, wat hom met die blanke van vandag identifiseer. Esegiel 36:32 sou verklaar dat Israel kan bloos en soos reeds aangetoon sê die Wit Teologie dat hierdie eienskappe eie is aan die blanke Westerse nasies. Hier is dit baie duidelik dat die argument begin by die Westerling, sy eienskappe oordra op Israel van ouds, sodat weer van ou Israel af terug geredeneer kan word dat die blankes met Israel identies is. Om te kan bloos is boonop nie uniek aan die Westerlinge nie. Selfs die donkerste mens kan bleker word van skrik en ook die Oosterse nasies kan bloos. Hierdie soort argument kan tog nie van deurslaggewende waarde wees nie.

3. Die derde soort argument wat deur die Wit Teologie gebruik word, werk met **woordassosiasies**. So word geredeneer dat die Huis van Jakob 'n verskeidenheid van name gehad het. "Een is Libanon, die landstreek vanwaar Jakob se moeder en vroue afkomstig is, en Libanon beteken Blank" (Hofmeyr, *Hoor van Gods Apartheid*, soos aangehaal deur Venter). Hierdie argument van die Wit Teologie toon nie net hoe raakpunte veralgemeen word nie, maar toon ook die uiterste onkunde oor die wêreld van die Bybel. Libanon beteken wel wit, maar verwys nie na mense nie, maar na 'n bergreeks met wit kalkklip op die toppe wat dikwels in die winter met sneeu bedek is. Om bloot net op woorde op die klank af argumente te bou, is 'n riskante onderneming wat jou argument eerder verswak as versterk.

In hierdie verband kan ook verwys word na die soort **klank-eksegese** wat Hayes doen: "Maar Hy (dit is Jesus) het ons geleer, dat die koring is oorspronklik en is tot aan die einde van die dae gemeng met onkruid, meer korrek, vals koring. Dit lyk soos koring (die swartes lyk ook soos mense), maar die vrug is swart en giftig. Die Griekse woord wat Christus gebruik het vir hierdie "onkruid" is zizania. Dit is die "Azanians people" van vandag. Daarom wil hulle die land se naam verander na Azanië. Hulle is reg. Afrika behoort aan die onkruid! Lees dit in Mat. 13:24-30 en 36-41 en slaan dit na in die Grieks".

Onkunde

Om die minste hiervan te sê: dit getuig van uiterste onkunde. Die Griekse woord zizania dui op 'n parasitiese plant of onkruid (die Wes-Transvaalse boere ken dit) wat sy wortels om die wortels van die koring draai. Daarom sê ons Here Jesus in Mattheus 13:29 in die gelykenis van die onkruid, dat die diensknegte van die heer nie die onkruid terwyl hulle groei al moet uithaal nie, want hulle kan dalk die koring daarmee saam uittrek, omdat die "zizania" sy wortels om die koring se wortels

gedraai het. Hulle moet dit saam laat groei tot die oes toe, dan sal die maaiers die onkruid van die koring skei en dit verbrand (vers 30).

Al hierdie argumente word gevorm vanuit die ervaringsveld van die Wit Teologie met al sy vooroordele en selfbeskouings. Dit is belangrik om raak te sien hoe eensydig hierdie tegnieke is en hoe bevooroordeeld die Bybel so gelees kan word.

Naasteliefde

Die Wit Teologie leer dat slegs die blankes hulle naaste is. Volgens Neser kan 'n swartmens nie die naaste van 'n blanke wees nie, want sê hy: "Nou word daar baie keer vir ons gesê, hier is die swartes nou in ons land, hulle is ons naaste. Hulle is NIE ons naaste volgens die Skrif nie; hulle behoort nie eens aan ons ras nie. Hy behoort nie aan my nasie nie; hy is nie my "friend/companion" nie; "He is not the one near/close to me" (beklemtoning Neser).

Swart sê in die verband dat die sinsnede "jy moet jou naaste liefhê soos jouself" soos volg gelees moet word: "Jy moet jou naaste soos jouself, liefhê". Hy stel dan verder: "Dit wil ook voorkom of hierdie teks in Hebreeus die betekenis het van: jy moet die wat soos jy is, liefhê... dus, die kinders van jou volk is jou naaste".

Naaste = volksgenoot

Die Wit Teologie verklaar dan ook die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in terme van bogenoemde. Die "sekere man" wat deur rowers oorval is en daar gelê het (Luk. 10:25-37), se nasionaliteit word nie vermeld nie. Volgens die Wit Teologie kon dit egter net 'n Samaritaan gewees het, want die man wat daar verbygeloop het en aan die "sekere man" wat daar gelê het, barmhartigheid bewys het, was 'n Samaritaan. Dan word op grond van die veronderstelling dat net jou eie volksgenote jou naaste is, sonder meer aanvaar dat die man wat daar gelê het ook 'n Samaritaan was. Dus as Christus vra: "Wie van hierdie drie dink jy, was die naaste van hom wat die rowers oorval het", dan is dit volgens die Wit Teologie tog logies: Die Samaritaan was die ander Samaritaan wat deur die rowers oorval is, se naaste. "Hulle was dus nie aldrie sy naaste nie... As die woord naaste in die verhaal van die barmhartige Samaritaan met volksgenoot vertaal sou word, sal daar geen twyfel of onduidelikheid wees nie" (beklemtoning H. Swart). En vir Hayes is daar geen onduidelikheid nie: "Volksgenote is mekaar se naaste en help mekaar, Israeliete help Israeliete, Samaritane help Samaritane, Zoeloes help Zoeloes en die Boere help die

Boere. Soos dit nou is, moet die Boer almal help, terwyl almal probeer om hom te vernietig". Wat die Wit teologie hier doen is om die gelykenis van die barmhartige Samaritaan aan die hand van Levitikus 19:18 uit te lê. Daarvolgens sê die Here: "Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Die Wit Teologie beskryf dus tereg die beskouing van die naaste in die Ou Testament as die eie volksgenoot. Maar as Levitikus 19:18 die naaste as volksgenoot beskryf, is dit nog nie te sê dat die persoon wat deur die rowers aangeval is, 'n Samaritaan moet wees net omdat 'n Samaritaan aan hom barmhartigheid bewys het nie. Volgens die Wit Teologie was die barmhartige Samaritaan dus 'n naaste nog voordat hy enige hulp betoon het, omdat hulle volksgenote van mekaar was (Hayes).

In hierdie redenasie van die Wit Teologie word drie foute gemaak. Eerstens, die gelykenis vermeld nie die nasionaliteit van die man wat deur die rowers aangeval is nie, en daarom kan nie sonder meer op grond van bogenoemde argumente aanvaar word dat dit 'n Samaritaan was nie. Tweedens word dit veronderstel dat dit 'n Jood was (vgl. Greijdanus, Korte Verklaring der Heilige Schrift bl. 280) om daarmee juis die speerpunt van die gelykenis na vore te bring: die priester en Leviet - Jode - wou een van hulle eie mense nie help nie, maar die vreemdeling (Samaritaan) het hom gehelp. Daarop kon Christus die opdrag gee: "Gaan en doen jy net so" (Luk. 10:37). Die derde fout wat gemaak word is dat Levitikus 19:33 en 34 (weer net verder in dieselfde hoofstuk) geïgnoreer word: "Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte". Die vraag is nie net: "Wie is my naaste nie?", maar ook moet ons vra "vir wie kan ek 'n naaste word?" Naasteliefde beteken dus nie om liefde net aan bepaalde mense te betoon nie, maar om liefde as naaste te betoon. Die naasteliefde word ook bepaal deur God se liefde vir ons en ons wederliefde vir Hom (Mat. 22:34-40). Ons liefde vir ons naaste en vir onself vloei voort uit ons verhouding tot God. God se liefde in Jesus Christus is universeel (Joh. 3:16). Daarom is naasteliefde ook universeel alhoewel dit nie die liefde vir die eie tot niet maak nie.

Anti-houding teen ander nasies

Die Wit Teologie openbaar 'n anti-houding teenoor alle ander nasies. Jesus word beskou as die Koning en Verlosser van sy volk Israel, die letterlike afstammeling van Abraham, Isak en Jakob. "Jesus is nie die Koning van die Egiptenaars, Kusiete, Kanaaniëte, Jafetiëte,

Zoeloes of Indiërs nie" (Hayes). Daarom sê die Wit Teologie dat die ander nasies by hulle gode gelaat moet word. "Hulle doen nie sonde as hulle hierdie goed aanbid nie, God het dit aan hulle gegee!"

Slegs Israelnasies

Volgens Hayes is die Skrif ook net besig met Israelnasies. Wanneer die Skrif soms praat van volke, tale en nasies, dan lyk dit asof dit die hele wêreld insluit, maar die Skrif bedoel slegs die menigte Israelnasies wat uit Abraham sou ontstaan. So is slegs die blankes die kinders van Israel en die letterlike kinders van Jakob en die "Zoeloes is nie van Jakob se nageslag nie" (Hayes). Volgens die Wit Teologie is die Bybel alleenlik geskryf vir die blanke ras. "Dit is 'n geskiedenisboek van en vir die blanke ras. Ander rasse kom nie voor in die Bybel nie" (Anon). Omdat die Wit Teologie oortuig is dat daar in die Skrif nie sprake is van van verbonde tussen God en ander nasies nie, word al die ander nasies verwerp en buite die onveranderlike raadsplan van God geplaas (Hayes).

God se beeld is blank

Die Wit Teologie is daarom, soos reeds aangedui, anti-swart. Dit word baie duidelik gestel dat as iemand nie wit gebore is nie, daardie persoon deel van 'n subras is. Die oortuiging word dan ook gestel dat "hoe donkerder die vel, hoe minder die geneigdheid tot Christelikheid, geregtigheid en regverdigheid" (Hayes). Die wit vel word deur die Wit Teologie gesien as 'n gawe van God om hom te onderskei van die duisternis, dit is die swartman. Alleen as witmens is jy die beeld van God, omdat God net een mens gemaak het en dit 'n witmens was. Hayes gaan selfs so ver en maak die skreiende, lasterlike opmerking: "Die Here het gesê dat die mens gemaak is na sy beeld, en God het nie twee beelde, een wit en een swart nie!"

Sommige voorstanders van die Wit Teologie maak dan ook die swartmense in die skerpste taal af as diere. Daar word gesê dat telkens as die Bybel verwys na mens en dier, dan beteken dit dat die swartes onder die diere gegroepeer word. "Toe Noag die diere in die ark geneem het, het hy twee swartmense ook daar ingejaag. Dis hoe die swartmense die vloed oorleef het. Die Bybel onderskei mos tussen twee- en viervoetige diere". En verder: "Rassevermenging word verbied in die Bybel omdat God gemeenskap tussen mens en dier verbied. 'n Swartman en mense met "gekleurde" bloed kan daarom nie gered word nie... Daar sal wel swartes in die hemel wees soos wat daar honde en katte sal wees. Ons kan net nie sê watter diere en watter swartes is nie... SENDING EN EVANGELISASIEWERK

ONDER DIE SWARTES IS DAAROM TYDMORS! Diere het tog nie die evangelie van Christus nodig nie!" (Anon). Die Wit Teologie is daarom ook anti-sending. Dit spreek eintlik vanself dat as die nasies en die swartman verwerp word, daar geen sprake kan wees van sending nie. Die gedagte by die Wit Teologie is dat slegs Israel die bevel kry om in Jesus Christus te glo. Daarom moet die Mohammedane, die swartes met hulle voorvaderlike geeste en al die ander nasies met rus gelaat word. Die Wit Teologie stel dit nog sterker: "Om die beloftes wat aan Israel gemaak is vir die ander nasies aan te bied, is 'n gruwel voor God. God het hulle niks belowe nie. Hy is slegs met Israel besig" (Hayes). Volgens die Wit Teologie is geen profete na die nasies gestuur nie. Selfs Christus het nie probeer om hulle te red of te bekeer nie. Daarom word die standpunt deur die Wit Teologie gestel: "Sendingwerk moet dringend gestaak word" (Hayes).

Antropologie of teologie?

Op grond van die Wit Teologie se mensbeskouing en al die klem wat dit in hulle denke ontvang, moet dit gestel word dat die Wit Teologie eerder 'n antropologie (leer oor die mens), as 'n teologie (leer oor God) bring. Nog sterker gestel: die Wit Teologie verkondig uit 'n politieke oorweging 'n ideologie aangaande die blanke mens en nie 'n teologie nie. Want teologie is die leer aangaande God en nie aangaande mense nie. Met die behandeling van die Wit Teologie se uitverkiesings- en verlossingsleer in die volgende aflewering, sal bogenoemde stelling nog duideliker word.

★ ★ ★ ★ ★

OPENING van die POTCHEFSTROOMSE GEREFORMEERDE AKADEMIE

A. Juyn

Op 16 Januarie 1996 is die Potchefstroomse Gereformeerde Akademie amptelik geopen. Met negentien kinders kwalifiseer dit maklik as die kleinste skool in Potchefstroom, maar dit is 'n skool met 'n verskil, wat ook groot ideale koester.

Agtergrond

Die Potchefstroomse Gereformeerde Ouervereniging is in Augustus 1994 gestig om die beginsel en praktyk van gereformeerde onderwys op alle vlakke te bevorder. Gou was dit ons begeerte om 'n gereformeerde laerskool op te rig, maar ons het tipies menslik teen velerlei struikelblokke vasgekyk. Nogtans het

geloofsvertroue en -volharding nie beskaam nie, en op 5 November 1995 het ons in beginsel toestemming by die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom verkry om die beoogde skool in hulle katkisasielokale en saalkompleks te vestig. Maar ons moes nog personeel kry, en hoeveel ouers ondersteun die saak sodanig dat hulle hul kinders werklik sal inskryf? En wat van die meubels, boeke, leerplanne en werkskemas wat nog ontbreek? Hoe kan 'n klein groepie ouers in so 'n kort tydjie alles gereed kry?

Op 6 Desember 1995 het die Ouervereniging besluit om deur te druk en te mik vir skoolopening op 16 Januarie 1996. Van toe af is dit skouer aan die wiel, organiseer en werk, sweet en beplan. Op 11 Januarie kon ons die skool ten toon stel aan voornemende ouers en belangstellendes. Die Here het op wonderbaarlike wyse in al ons behoeftes voorsien. Meer nog, ons is keer op keer verbaas deur onvoorspelbare wendings in die voorsiening van personeel en fasiliteite, tót so 'n mate dat ons diep onder die indruk gelaat is dat ons maar net werktuie in die hand van die Here was, en nou kan getuig van die wyse waarop Hy hierdie skool opgerig het.

Grondslag

Baie mense het ons al uitgevra na ons motiewe. Hoekom 'n gereformeerde skool? Daar is dan soveel goeie laerskole op Potchefstroom. Vir gereformeerde ouers is die antwoord voor die hand liggend. Hierdie skool moet 'n eie karakter dra, in ooreenstemming met die gereformeerde belydenis, in gehoorsaamheid aan God se wette vir die opvoeding van ons verbondskinders. 'n Gereformeerde karakter is nie 'n Christelike vernislagie nie, maar word bepaal deur die hartsoortuiging van almal wat daaraan deelneem. Hierdie gedagtes is natuurlik nie 'n nuutjie nie. Reeds in die tweede helfte van die vorige eeu het die bekende professore Dirk Postma en Jan Lion-Cachet hulle vir vrye gereformeerde ouerskole beywer. Ds. S.J. du Toit het hom ook hiervoor beywer (vgl. die stigting van die Gedenkschool der Hugenoten, 1883), en kort na die Tweede Vryheidsoorlog het manne soos proff. Ferdinand Postma en J.D. du Toit (Totius) telkens op die dringende verantwoordelikheid van ouers in dié verband gewys.

Wanneer verbondsouers die doopbelofte aflê, belooft hulle plegtig voor God en voor die gemeente van Christus dat hulle hulle kindjie in die gereformeerde leer sal onderrig en laat onderrig - 'n belofte wat ondubbelsinnig wys dat die primêre verantwoordelikheid vir ons kinders se onderwys nie by die staat, die kerk of enige ander instansie lê nie, maar by die ouers self. Hierdie skool is dus 'n gereformeerde skool: alle werksaamhede word

aangepak in die lig van God se Woord vir sy skepping. Verbondskinders word deur verbondsouers na die skool gebring sodat die verbondsonderrig en -opvoeding wat tuis begin, by die skool deur gereformeerde personeel voortgesit en uitgebou kan word.

Opening

Vroegoggend op 16 Januarie vind die amptelike opening plaas. Die Skrifoordeening word op gepaste wyse gelei deur prof. L. Floor, en ouers, kinders, personeel en belangstellendes sing hartlik saam tot eer van die Here Psalms 105:5 en 128:1-4.

Na 'n kort oorsig deur prof. G.J.C. Jordaan van die aanloop tot die oprigting van die Akademie, word groeteboodschappe oorgedra:

- Die Gereformeerde Laer- en Kleuterskool Dirk Postma (Pretoria)
- Die Gereformeerde Skoolvereniging Totius (Ermelo)
- Die Gereformeerde Skoolvereniging Bethal
- Die Gereformeerde Ouervereniging Koster
- Aksie Reformatoriese Skoolonderwys (ARSO).

Na die simboliese oorhandiging van 'n Bybel, Psalmboek (met Gereformeerde Belydenisskrifte) en sleutels deur die ouers aan die skoolhoof en personeel, neem die eerste skooldag by die Potchefstroomse Gereformeerde Akademie 'n aanvang. Sommige klassies is maar klein - soms net 3 kinders. Met vier ervare onderwyseresse en 'n skoolhoof word daar tans voorsiening gemaak vir 'n kleutergroep en graad 1 tot standerd 3. Van die eerste dag af is ons as ouers beïndruk deur die bekwame toewyding van die personeel, wat maar teen geringe vergoeding hierdie groot taak aangepak het. Gou merk ons al die verandering by ons kinders: hulle loop oor van geluk, die skoolwerk vorder fluks, die hele gesin is by die skool betrokke.

Die toekoms?

Almal wat betrokke is by die Akademie is dit eens - dit werk! Ons verwag natuurlik dat die skool sal groei en bloei - kwantitatief in die aantal leerlinge, maar ook kwalitatief in die gereformeerde karakter van alles wat by die skool beplan en gedoen word. Ons is met ontsag bewus dat die woorde van Sagaria 4:10 ook op ons van toepassing is: "Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie." Ons is dankbaar vir dit wat ons met die hulp en seën van die Here tot stand kon bring. Ons vertrou dat Hy sy beskermende hand oor ons sal hou, sodat hierdie skool sy Naam sal groot maak.

Soli Deo Gloria.

Grondslae

van

Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.

Adres:.....

.....

.....

Poskode:.....

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:.....

Datum:.....Handtekening:.....

Stuur u inskrywingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u